Dinsdag **30 Julie**

**Skrifgedeelte: Jakobus 1:12-18 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Jakobus 1:12; 1 Korintiërs 10:13**

**Weerstaan versoekings deur standvastig in die geloof te bly!**

As mense is ons geneig om God die skuld te gee as daar swaarkry of versoekinge in ons lewens is. Dit is so maklik om God te verwyt as daar swaarkry kom in ons lewens, 'n versoeking en dan wil ons die skuld op God plaas. Hoekom het God dit toegelaat? Hoekom het God dit met my laat gebeur? Hoekom het God toegelaat dat ek getrou het en nou skei, of dat ek nie goed gedoen het in my eksamens nie, of dat ek in die een of ander versoeking gekom het?

Duidelik in ons Skrifgedeelte lees ons dat dit die verkeerde gesindheid en verstaan van versoekinge is. Want God versoek ons nie. God wil nie dat ons sonde moet doen nie. God wil nie dat ons verkeerde keuses moet maak nie. Dit is onsself wat weens die verleidinge van Satan, die wêreld en ons eie vlees in die versoeking kom. Adam en Eva het weens die versoeking en verleiding van Satan sonde gedoen, alhoewel hulle geweet het wat die regte ding is om te doen. Hulle het toegegee aan die versoeking en sonde gepleeg. God versoek niemand nie. Ons lees in 1 Korintiërs 10:13: "Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan."

God beproef ons wel. God bring soms swaarkry en beproewing in ons lewens, of 'n volk se lewe, sodat hulle sterker in die geloof daaruit kan kom. Dink maar aan Romeine 5:3-5. Daar lees ons spesifiek dat ons ons kan verheug in die swaarkry omdat dit volharding kweek en egtheid van geloof en dat ons ook daarom 'n vaste en sekere hoop verkry. Hierdie hoop is die sekerheid van ons ewige lewe in ons Here Jesus Christus.

As die versoekinge ons egter oorval, moet ons biddend, in diepe afhanklikheid van God bly lewe. God is altyd getrou. God sal nooit toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie. God het juis die Heilige Gees as Trooster aan ons gegee om ons in hierdie lewe te rig en te lei. Deur 'n Geesvervulde lewe lei God ons in genade om as nuwe mense te leef, mense van die lig. Deur sy krag en genade moet ons altyd strydend bly teen die versoekinge. Op die bestemde tyd sal daar ook vir ons uitkoms wees en 'n heerlike ewige lewe by ons Hemelse Vader. Bly vertrou, want God is getrou!

*Sing: Psalm 146-1:3, 8*

*Ds. GS (Gerrit) Kruger (Centurion)*